


**Die "Three Mathsketeers" van Noordwes, Kevalin Pillay (8), Lesedi Tsitsi (7) en Jaylin Bhula (8), ná hul deelname aan 'n internasionale abakus-en-hoofrekene-kompetisie in Taiwan.** Foto: LUCKY MAIBI

# Dorings met 'n abakus

**Louise Ferreira**

Die kompetisie was lekker, al was die kos 'n bietjie vreemd.

Dít was die konsensus onder 24 jong kinders nadat hulle en hul gesinne teruggekeer het van die 13de Pama-abakus-en-hoofrekene-kompetisie in Taiwan.

Ethan Kirstein (9) van Bloubosrand naby Fourways in Johannesburg was een van die deelnemers. *Beeld* het kort voor Kersfees berig oor Ethan se vaardigheid met die abakus.

Ethan het silwer gewen en was die voorste presteerder onder die Suid-Afrikaanse deelnemers. Kamilah Moodley (8) van Durban het ook silwer gewen, terwyl die res van die Suid-Afrikaanse spannetjie brons gekry het.

Ethan se ma, Annamarie, het gesê die kompetisie was vanjaar baie straf.

"Daardie Taiwannese kindertjies slaan almal 100's!"

Ook Pregy Pillay van Rustenburg wie se seun, Kevalin (8), aan die kompetisie deelgeneem het, het gesê dit het hulle gewys hoe ver agter Suid-Afrika is wat wiskunde betref.

Hy meen die abakus-tegniek is baie voordelig vir kinders wat wiskunde leer.

"Dit stof die Suid-Afrikaanse sillabus heeltemal uit."

Kevalin en sy maats Jaylyn Bhula (8) en Lesedi Tsitsi (7) staan bekend as die "Three Mathsketeers" van Noordwes. Dit was hul eerste deelname aan 'n internasionale kompetisie.

Lesedi, wat vanjaar in gr. 2 is, het drie jaar gelede met die abakus-tegniek begin en kan 'n bladsy met optel- en aftreksomme binne 'n minuut doen, het sy ma, Boitumelo Nyezi-Tsitsi, vertel. "Hy is die jongste in die groep en die eerste swart leerling wat vir die kompetisie kwalifiseer," het sy gesê.